KORTVERHALE

Marguerite Enslin
Vendusie 169
Gerda Taljaard
Lot se vrou 173
Vlees en bloed 177
Alda Niemand
Johanna 181

GEDIGTE

Dave Lubbe
... baie boeke ... 187
Holland 188
Pieter Verster
Wending 188

Die rubriek *Litera* word finansieel gesteun deur/
The section *Litera* is financially supported by
National Arts Council
Nasionale Kunsteraad

Rubriek vir skeppende werk

Litera is 'n rubriek vir die publikasie van skeppende werk in al die tale wat gewoonlik in *Literator* gebruik word. Die Redaksie wil daarmee 'n geïntegreerde beeld skep van die verskeidenheid nuwe skryfwerk wat Suid-Afrikaanse skrywers kan bied.

Die Redaksie kan met vreugde aankondig dat 'n kontantprys toegeken gaan word aan die beste bydraes in die loop van 'n jaar. Een prys sal toegeken word vir die beste bydrae deur 'n debutant en 'n tweede vir die beste bydrae deur 'n meer gevestigde skrywer.

Skrywers word daarom uitgenooi om korter skeppende werk voor te lê vir plasing in hierdie rubriek. Dit kan gedigte of kortverhale wees, maar drama- of roman-fragmente en eksperimentele tekste is ook welkom. Bydraes word deur die redaksie gekeur, maar geen korrespondensie kan daaroor gevoer word nie. Vier kopieë van elke bydrae, in dubbelspasiëring getik, moet voorgelê word. Die naam en adres van die insender moet regs bo-aan die eerste blad van gekramde tekste en op elke los vel vermeld word. Verstrek ook 'n telefoonnommer, faksnommer en e-posadres waar u bereik kan word.

Stuur alle bydraes aan die Hoofredakteur, *Literator* (629), Buro vir Wetenskaplike Tydskrifte, Privaatsak X6001, Potchefstroom 2520.

Section for creative writing

Litera is a section for the publication of creative writing in all the languages that *Literator* usually caters for. Through this section the Editorial Board want to present an integrated image of the diversity of new writing by South Africans.

The Editorial Board is pleased to announce that a cash prize will be awarded for the best contributions for a specific year. One prize will be awarded for the best debut contribution and one for the best contribution by a more established author.

Writers are therefore invited to submit shorter creative work for publication in this section. Poems and short stories are welcome, but also play and novel fragments and experimental texts. Contributions are refereed by the Editorial Board, but we cannot enter into correspondence about the work submitted. Four copies of each contribution, typed in double spacing, should be submitted. The name and address of the author should appear at the top right of the first page of stapled text and on every loose sheet sent in. Please include a telephone number, a fax number and an e-mail address where you can be contacted.

Send all contributions to the Editor-in-Chief, *Literator* (629), Bureau for Scholarly Journals, Private Bag X6001, Potchefstroom 2520.

Marguerite Enslin

Vendusie

'n Skrywer gaan sit voor sy rekenaar en onthou van 'n man se afskeid. Dis soos om op 'n gesig af te kom wat jy iewers gesien het, besluit hy.

> *Die man het nooit veel gehad nie. Maar op 'n laterige stadium kry hy tóg 'n stil vroutjie en koop vir hom 'n stukkie grond buite 'n bosvelddorp. Nou sal ek ook gereken word, dink hy terwyl hy kyk hoe sy haar goedjies in hulle een hangkas uitpak: 'n vrou – en my eie plot. Sy skrop nes en maak skoon en hy lees koerant. Lees die advertensies: 'n ou kan dalk 'n paar bargains optel! Begeer ... begeer.*
>
> *Naderhand woon hy letterlik elke vendusie by – elke einde van die maand. As hy stilhou, weet dié wat rondstaan al: vandag kom bie die ou so en so weer op alles wat lank genoeg stilstaan. Hy groet skaars, praat met niemand. Sy ogies flits heen en weer, haat dit by voorbaat dat 'n ou miskien iets voor hom gaan wegraap, maak vinnig 'n opname van alles wat hy dié dag wil koop: rolle draad, 'n vrag pype. Wat nog?*
>
> *En op die plot staan drie elektriese stowe teen die buitekamermuur onder swart plastiek. In die donker tabakstoor roes 'n versameling ploeë, planters, roomafskeiers, kragopwekkers, en baie blikke en ysters. Twee stukke trekkers en 'n mank vragmotor word gras onder 'n kareeboom.*
>
> *Ook 'n swart hospitaalbed en klapperhaarmatras staan sonder werk in die buitekamer.*

Die skrywer onthou nie meer hoe dit gebeur het dat hy die eerste keer in die huis van die versamelaar gekom het nie. Miskien was dit dat die kinders by die skool gepraat het oor die plot wat soos 'n nes lyk en dat hy uit nuuskierigheid gaan kyk het. Nee. Hy sou nooit uit sy eie gegaan het nie. Hy kan nie eers dink aan 'n ou wat so 'n storie vir hom sou vertel nie. Niemand sou sommer oor strooi met hom gesels nie. Nee, sy ma moes hom gestuur het met iets. Hoe dit ook al sy, só 'n negosiespul sal op enigeen 'n indruk maak. Veral as jy vyftien en alleen is.

> *In die benoude sitkamertjie druk twee sitkamerstelle elmboog vir 'n plek: een is blou verbleik, en die ander rooi geblom met byt-en kapmerke op die armleunings. Onmaats koffietafeltjies staan verlore rond. 'n Boekrak vol Reader's Digest Condensed Books en 'n Sweedse styl vertoonkas met*

spieëls agter – te veel goed staan die laaste deurskuur by die gangdeur vol. Stowwerige glasrakkies van die vertoonkas is gelaai met snuisterye: twee kassies met driekwart-leeg miniatuur Cokebotteltjies, Dinky Toy-karretjies, 'n glasballerinatjie en 'n pienk teekoppie op goue pootjies. Nog rakke vol slapbandboeke leun teen die een gangmuur en oorkant keer afdrukke van die Weeping Rose en Sterwende Swaan langs drie vlieënde eende tot stof – alles uitskot wat saam met die aandenkings uit ander mense se vakansies uit die oorvol sitkamer gevlug het.

Soos die man se vrou wat alleen by die kombuistafel gesit het, onthou hy nou. Sy het skaars opgekyk – verwaarloos, stowwerig soos al die goed. Die skrywer verbeel hom hy moes verder deur die huis geloop het – terugskouend kon hy dalk baie daarvan self uitgedroom het, maar sy was daar: sy en die eensaamheid rondom haar.

'n Oop kamerdeur op die punt van die gang. Styf teen mekaar maak 'n swaar spieëlkas, 'n dameshangkas en manshangkas die kamer donker. 'n Tafeltjie onder 'n stofgroen viltdoek onder stapelrakkies oorvol papiere langs dik en dunner boeke; 'n flitslig, hamer, tang, telefoon en blik vol spykers; skroewe en stukkies draad in 'n tupperbakkie. Dan is daar nog 'n ou staalkabinet met bo-op 'n album foto's van vreemdes, twee boste sleutels, vuurhoutjies en 'n paar kerse. 'n Moeë dubbelbed.

Nag na nag droom die man sy rykmansdrome. Twee en twintig jaar na hulle troue, een donker oggend toe hy op pad uit is vendusie toe, kry hy haar dood tussen een van sy rusbanke en 'n koffietafeltjie. Hy verloor sy heel eerste besitting.

Dit was miskien sy eerste kennismaking met 'n obsessie, weet die skrywer nou. Later kon hy die ou nie uit sy gedagtes kry nie, was die huis en die baie goed nie meer 'n grap nie. Teken hy vir die kunsklas 'n maer naakstudie van homself agter strukture strak lyne soos van kaste of geboue. Of boeke. En met die gesig van 'n ou man.

Sy ma wou nie meer gaan help nie. Maar hy wou gaan kyk. Hy móés net. Die vervaarde ou siel was bly om hom te sien. Hy vertel opgewonde van sy loseerder – sy oë groot, rooi in die growwe gesig:

"Hy's niks eers moeite nie ... ou Solly. Saamgaan vendusies toe."

Maar dié storie laat die seun skrik. Hy kyk rond, al weet hy goed daar's niemand nie. Dit, en die stank oral, die suur lug dryf hom buite toe. Die ou man volg hom, vertel van dié Solly wat nou begin het met 'n ander neukery:

"Wil mos nou hê ek moet verkoop." En dan, sommer hier reg langs die kind brul dit:

"Voertsek, man! Ek verkoop nie! Jou moer man. Solly, ek't mos gesê jy los my donnerse goed uit! Hond ... Satang!!"

Wilde oë aan die soek teen die klimop uit, ver bo die lekkende watertenk uit. Bóóntoe klim die histerie, sy nekare soos 'n bees s'n.

Dit was vreeslik hoe die man so uit sy vuil skoene uit staan en vloek, onthou hy. Hy't hom amper vrek geskrik. Op sy fiets gespring en huis toe laat spaander.

Hy stoot sy stoel agteruit; vryf oor sy oë. Hy is moeg. Hoe jonk was ek nie, dink hy. Nie veel verstaan nie. Sy oë gly oor al die boeke, rak na rak. Baie boeke, lêers, pakke los papiere met ou rek om, papier in dik bruin koeverte op die lessenaar, papier langs hom op die vloer gestapel. Eintlik nogal gesellig, ontspan hy half verlig.

Ná 'n ruk werk hy verder:

> *Die man vergeet wanneer is vendusie-dae. Hy versit van stoel na stoel. Kyk na sy stil goed. Soms stoot hy die stoor se deur oop en loop stadig tussen sy stowwerige besittings deur. Verkoop. Verkoop? Nooit ...! Algaande bring hy die los goed in die stoor en buitekamer huis toe. Alles moet onder een dak! Hy dra koorsagtig aan, sweet. Stoot alles op 'n hoop. Tot hy nie meer kan nie.*

Op 'n dag weet die jongman hy moet gaan groet. Hy klop, wag. Niks gebeur nie. Naderhand loop hy óm die huis, loer deur 'n gordynskreef voor die sitkamer-venster. Hy sien die donker voordeur: 'n hangkas tot vas teenaan gestoot. O hel, en die ouman?

As die klip in sy hand die venster breek, snak hy na sy asem. Hy sak op sy hurke teen die muur – voel die growwe skuur deur sy hemp. Agter hom, op die hospitaalbed onder 'n herfsboom lê hy. Die kaal ysterbed tjierr tjierr kouerig met elke hoes.

Hy is moeg – kug. Skryf met sy oë op die manuskrip langs hom:

> *Dit sal 'n groot vendusie wees.*

Gerda Taljaard

Lot se vrou

I am the concierge, chez-moi, honey
Won't letcha in for love nor money
My home, my joy,
I'm barred and bolted and I
Won't letcha in.
Kate Bush ("Get out of my house")

Susan se vriendin, Elsa, het 'n unieke opvatting oor die Bybelse stede Sodom en Gomorra en oor Lot se vrou. Sy is van mening dat die vuur en swael waarmee God die twee sondige stede vernietig het, afkomstig was van 'n vuurspuwende berg en dat Lot se vrou nie kon wegkom nie, omdat 'n vrou nie sommer net gevoelloos kan padgee van 'n gemors af soos 'n man, sonder om om te kyk nie. Sy kon dus nie betyds van die naderende lawa en warm as ontvlug nie; daarom dat sy soos 'n soutpilaar versteen het.

Die kaalkop staan in die deur met sy besmeerde overall en skel sy vrou. Hy staan en beskou haar soos een van sy baie beneukte karre wat parte kort en 'n helse olielek het. Die vrou staan by die opwasbak en dink dat haar man nie net 'n motortegnikus is nie, maar ook 'n knap tegnikus van woorde is. Hy was nog altyd. Hy weet goed om daardie *sl*-woorde in te span. Tewyl die kaalkop besig is om goed in die kombuis rond te gooi, dink die vrou dat dit interessant is dat so baie woorde wat met 'n *s* en 'n *l* begin, 'n negatiewe betekenis dra. Kyk nou maar na woorde soos *sleg*, *slet*, *sloerie*, *sluwe*, *slordig*, *slons*, *sloer*, *slak*, *slym*, *sleep*, *slaaf*, *slagting* wat haar man gedurig gebruik om haar stukkie vir stukkie soos 'n soutkristal te laat verkrummel. Die kaalkop is rooi van woede terwyl hy skree dat hy haar wragtig sal *slaan*. Die vrou hou aan om die skottelgoed te was terwyl sy wonder of dit dan elke vrou se lot is.

Susan besluit dat sy haar man gaan verlaat. Sy sal haar goed vat en loop en sy huis aan die brand steek en sy sal nie terugkyk soos Lot se vrou nie. Sy sal nie meer probeer om mooi herinneringe oor die verlede te koester nie. Sy sal nie meer naamloos wees en net bekend staan as die *kaalkop se vrou* nie. Sy sal nie meer die briewe wat hy as jong vryer aan haar geskryf het, lees nie.

> *Mag ek asseblief vannag, soos glimmende motte wat spinnekopblomme snags sag besoek, stil by jou kom lê? Dan lê ek en jy soos klipsalmanders in die nag se son en bak. Elkeen van ons 'n Endymion wat soet slaap tussen*

papawers en wonderwerkies. Vergete dan is hongerte en dors en pyn en koors.

Die vrou versteen as sy dink hoe haar man in die laaste tyd aan haar gevat het. Sy dink aan haar liggaam as 'n huis wat sy van nou af agter slot en grendel gesluit sal hou. Ek sal 'n moeilike ou opsigter aanstel wat aan niemand die sleutel sal gee nie en niemand sal binnelaat nie. Ek sal diefwering en slotte en alarms en jakkalsdraad laat opsit en niemand laat inkom nie. Ek sal oral *geen toegang*, *geen smouse*, *op las*-bordjies laat opsit. Geen vreemdeiing sal sy voete aan my deurmatjie afvee en my binnegaan nie. Ek sal die kosyne en vensterrame met my bloed besmeer soos die Israeliete van ouds. Ek sal my huis skoonmaak van al die ou reuke en herinneringe. Hierdie huis is so oud soos ek. Hierdie huis weet van alles wat ek gedoen het. Hierdie huis is vol van my gemors. Hierdie huis is vol van my foute. Hierdie huis is vol kranksinnigheid. Hierdie huis het geheime kamers en deure waarvan niemand, nie eens ek weet nie. Hierdie huis is propvol baklei en vrees en seerkry: "Vroumens laat my binnekom! Ek sal jou deur afskop en jou huis omblaas!"

"Ek sal jou nie laat inkom nie, bly weg van my huis af. As jy inkom, sal ek in 'n voël verander en jou oë uitpik en by die venster uitvlieg. Gaan uit my huis uit!"

Noudat jy weg is sal my neus 'n spioen word. My ore fyn radar wat jou geselsies sal opvang. My hande sal spoorsny met my vingers as vangnet waarin jy wreed sal verstrengel. My oë word flitsligte wat jou oral sal soek. My voete bloedhonde wat jou êrens sal uitruik. My bene 'n valstrik wat jou gulsig sal vasvang. En snags as jy slaap, sal my verstand 'n skerp gees word wat jou huis sal binnedring en jou deurborend sal dophou teen jou bevlekte plafon.

Susan lees nie haar man se dreigbriewe nie. Sy en haar vriendin Elsa beplan alles haarfyn om die kaalkop en sy huis soos Sodom en Gomorra in vlamme te laat opgaan. Elsa sal haar soos 'n prostituut vermom en by sy voordeur opdaag met die boodskap dat sy vrinne vir hom 'n ou plesiertjie gereël het. Die kaalkop sal soos gewoonlik die geleentheid aangryp en Elsa sal allerhande vlambare drank in sy keelgat afgooi en hom slaapkamer toe sleep. Terwyl hy besig is om sy overall uit te trek, sal Elsa hom met die staanlamp oor die kop moker en dan sal Susan haar verskyning uit die hangkas maak. Hulle sal hom tot op die bed kry en nog meer tequila en sambuca en ouzo in sy keelgat afgooi en dit sommer oor die bed gooi met so 'n bietjie petrol ook, natuurlik. Dan sal hulle hom sitmaak met 'n bottel drank in die een hand en 'n brandende sigaret in die ander, en Voila! daar gaan al die angs en vrees en bitterheid en trane en baklei en haat op in vlamme.

Die vrou kan nie help om soms te skrik vir haar eie waansin nie. Dit moet in die gene wees, dink sy. Haar voorgeslagte was vroue met dikwit bo-arms wat oor onderdeure geskree het trap van my werf af ek soek nie vreemde meide op my

jaart nie julle vertrap my tuin! Hulle was vroue wat met hulle kinders van die oorlog na grotte gevlug het en geleef het van wilde heuning en bokmelk. Haar voorvaders was mans wat ongetroude swanger meisies op wilde perde vasgemaak het om skande vry te spring. Hulle was vaders wat hulle dogters voor die horings van bulle gegooi het as hulle poskaarte van 'n meisie in swemklere by 'n oorsese penmaat gekry het. Hulle was mense wat selfs ná die dood uit hul grafte gestap het om ander te waarsku of wildvreemdes te vra om na hul kinders om te sien. Hulle was mense wat voorbodes en gesigte en visioene en leërskares engele gesien het. Die vrou staan en dink aan haar voorsate en verstar as sy voel hoe 'n kind in haar roer.

Die vrou voel sy wil skree trap van my werf af ek soek geen vreemdes wit of swart in my jaart of in my huis nie julle vertrap my tuin en my drome en my siel.

Die vrou wil alles agterlaat en vlug na die land van Kanaän van melk en heuning. Die vrou wil nie die kind hê wat die kaalkop in haar agtergelaat het nie want hý groei nou in haar en teer op haar lewenskrag en bloed en is besig om haar liggaam soos 'n skerp gees binne te dring en oor te neem. Die vrou wil haarself voor die horings van bulle werp. Die vrou wil sterf en uit haar graf stap en vroue waarsku teen kaalkoppe. Die vrou dink ook aan die engel wat sy eenkeer in Sunnyside gesien het toe sy die verdwaalde swart kind gehelp het.

Susan verlang ook soms na haar man, veral noudat sy 'n kind van hom verwag wat beweeg en skop om haar gedurig aan hom en die tye toe hulle saam was te herinner. Sy dink aan die mandjie vol vlinders wat hy eenkeer vir haar gebring het. Sy dink aan die hele plaat sonneblomme wat hy op 'n keer vir haar geplant het. Sy dink aan die keer toe hy haar gesig met moerbei geverf het. Sy dink ook aan die laaste keer dat hy haar verskree het. Maar daar is tog ook positiewe *sl*-woorde, hoor die vrou haarself dink. Soos *slaap*: *Soet slaap tussen papawers en wonderwerkies ... Vergete dan is hongerte en dors en koors en pyn.*

Die vrou stap na die badkamerkassie en haal 'n boksie pille uit. Sy gooi die pille oor haar hand uit en *sluk* die pille met genoeg vloeistof af soos wat die aanwysings op die houertjie voorskryf. Die vrou gaan lê op die bed. Sy voel hoe sy *slaperig* raak en uiteindelik salig *slap* word.

Die vrou kan haar swanger liggaam op die bed sien lê vanwaar sy soos 'n voël teen die bo-venster fladder. Sy sien die telefoon en hoor hoe dit lui. Sy sien die kat en die oggendkoerant en die prente teen die muur. Sy sien die vlekke op die mat en haar onderklere en nat handdbek oor die stoel. Sy wil by die venster uitvlieg, maar sy kyk eers om. Sy sien dat haar liggaam hard en styf soos 'n soutpilaar geword het. Dit moet die vrou van Lot wees, dink die vrou.

Gerda Taljaard

Vlees en bloed

Toe die wêreld nog jonk was, was Mpsha die seun van Phiri, en Phiri was die seun van Phukubje, en Phukubje was die seun van Ledimo. Dit was dan die stam van die mensvreters. Omdat die Groot Voorvader gedurig oor die waters en landmasses uitgekyk het, het hy gesien dat die majabatho se hande en bekke dikwels rooi van die mensebloed was. Dit het hom kwaad gemaak dat sy kroonskepsels, wat hy net so bietjie laer as die engele gemaak het, die prooi van die madimo geword het. Daarom het hy die verskriklike tande van die mensvreters nog langer laat groei, sodat hulle so lelik was dat almal vir hulle bang was. En omdat almal vir hulle bang was, het die mensvreters nie liefde geken nie. Niemand het hulle liefgehad nie en hulle het ook nie geweet hoe om lief te hê nie. Daarom was hulle eensaam en het nagte lank vir die maan getjank, maar dan het net die berge verlate antwoord gegee.

Aan die voet van die berg was daar 'n vallei waarin die stat van die hoofman, Rammutla, geleë was. Dit was 'n mooi stat wat rondom die groot Hlapirivier gebou was en die mense van hierdie stat was gelukkig en het vermeerder en die hele aarde gevul. Die mense van die stat het geleef van die wilde bessies, kruie, peule, heuning en plantknolle wat hulle uit die vrugbare aarde van die vallei kon haal. Die inwoners van hierdie stat het nog nie die smaak van vleis en bloed geken nie.

Die hoofman Mmutla het 'n dogter met die naam Putsana gehad. Putsana was een van die mooiste meisies in die hele vallei. Haar vel het die kleur van die modder uit die Hlapirivier gehad en haar oë was groot en blink soos die bodemlose plonspoele van watervalle waarin 'n mens sommer maklik kon verdrink. Wanneer sy gaan water haal het met die groot kleipot op haar kop, het sy soos 'n klein wildsbokkie langs die slingervoetpaadjie gestap. Al die jongmans in die stat het na haar gekyk en haar begeer.

Maar dit was nie net die jongmans van die stat wat haar dopgehou en begeer het nie. Phiri het ook van haar geweet, daar vanwaar hy in die bosse uit sy wegkruipplek na haar gekyk en gekyk en sy lippe afgelek het. Hy het gedink hoe lekker sy sou smaak – sulke jong, sappige vleis. Hy het sonder ophou planne beraam om haar te vang en op te vreet, maar sy was nooit lank genoeg alleen sodat hy sy sluwe planne kon uitvoer nie.

Op 'n keer het hy haar tog alleen by die rivier gesien waar sy gaan water skep het. Sy mond het al gewater waar hy haar van agter 'n boom dopgehou het. Meteens het sy die kleipot neergesit en haar grasrompie begin losmaak en uitgetrek. Sy het die water ingestap en haarself begin was. Haar liggaam het gegloei en hy kon haar oë sien blink en haar vel ruik, só naby was sy aan hom. Hy het gesien hoe mooi sy was. 'n Vreemde gevoel het skielik oor hom gekom sodat hy nie kon beweeg nie. Sy was lankal reeds weg, toe staan hy steeds daar met 'n gevoel in sy hart wat hy nog nooit voorheen gehad het nie.

Later was hy spyt dat hy haar nie sommer daar en dan gevang en doodgemaak het nie, maar toe hy daardie nag gaan lê het, wou die slaap net nie kom nie. Hy het eers gedink dis omdat hy te honger was, maar hy het verskrik besef dat die hongerpyne nie in sy maag was nie, maar in sy hart.

Phiri se familie het bekommerd geraak oor hom. Hy het regtig siek gelyk. Hy kon nie eet nie, hy kon nie slaap nie en hy wou nie eens meer baklei as die ander wolfies aan sy stert kom trek het nie. Hy het net daar gesit asof hy groot pyn verduur het. In die sagte kronkels van sy verstand het 'n woord kom wegkruip wat nie op sy lang, rooi, kwylende tong wou kom lê nie. Al wat uit sy mond kon kom, was 'n hartverskeurende getjank, sodat al die wolwe naderhand maar saamgehuil het. Die mense van die stat aan die voet van die berg het stil bly luister na die skrikwekkende getjank wat deur die kranse weergalm het en hulle het baie bang geword.

Die volgende dag het Putsana singend na die rivier gestap om water te gaan skep. Dit was lente en sy kon die lewe in en om die rivierloop voel en ruik. Oornag het daar oral paddastoele deur die klam grond geskiet en in die water kon sy die blink lywe van talle silwer visse sien roer. Sy het lomerig gebuk om water te skep, toe sy skielik haar naam saggies agter haar gehoor het asof dit deur die wind gefluister is. Sy het gedink dat dit miskien net haar verbeelding was, maar die stem het harder en harder na haar geroep totdat die klank daarvan 'n warm gehyg in haar nek geword het. In die water kon sy die trillende weerkaatsing van 'n gestalte sien. Putsana het omgedraai. Die kleipot het uit haar hande geval en in stukke oor die klippe gespat. Voor haar het Phiri gestaan. Phiri het na haar gekyk en hy kon die afsku in haar oë sien. Hy kon haar vrees ruik en meteens het dit hom woedend gemaak sodat hy haar bespring het. Putsana het op die grond onder hom gelê en verskriklik geskree. Phiri het haar stukkend gekrap en die bloed uit haar wonde gulsig opgelek. Sy klewerige tong was in haar gesig en oor haar borste. Toe het Phiri gesien dat daar blink trane oor haar wange loop en hy het sy greep laat verslap. Putsana het losgeruk en gillend na die stat teruggehardloop.

Daardie aand het Putsana die krapmerke aan haar lyf met warm soutwater gewas. Sy het vir niemand vertel wat met haar by die rivier gebeur het nie en haar ma het gedink dat sy soos 'n bedorwe kind net oor haar gebreekte kleipot en geskeurde

romp gehuil het. Die hele nag het sy haar verbeel dat sy steeds vir Phiri na haar kon hoor roep. 'n Mokgalabje van die stat het daardie nag die skraal, donker skaduwee van 'n wolf tussen die grashutte sien draf.

Rammutla het kwaad geword vir sy mooi dogter wat nie meer uit haar hut wou kom nie. Sy wou nie die geskenke wat die basemane vir haar gebring het, aanvaar nie. Sy wou nie meer die vrugte wat haar ma vir haar gepluk het, eet het nie. Hy het nooit meer gehoor hoe sy saam met die ander basetsana lag en gesels nie. Die hoofman was moedeloos en het die ngaka laat roep. Die ngaka het gekom en by Putsana se hut ingegaan. Hy het daar gesit en gesit en kruie gebrand totdat dit pikdonker geword het.

'n Paar dae later het Putsana uit haar hut gekom en al die dikgarebe van die stat byeengeroep en hulle het lank onder die bome gesit en gesels en planne beraam. Hulle het klippe geslyp en skerp gemaak totdat dit soos die wrede tande van mensvreters gelyk het. Hulle het klein snytjies in hulle arms gekerf en die bloed op 'n klip laat drup. By die rivier het hulle 'n diep gat gegrawe en die klip met die bloed daarop in die gat gegooi. Hulle het in die bosse rondom die rivier gaan wegkruip en toe met die skerp klippe in hulle hande gewag.

Die hoofman Rammutla was verheug toe hy van die kgoro af kom en hy die vrolike gelag en gesing van Putsana saam met die ander dikgarebe uit die hut kon hoor. Hy het verwonderd geglimlag toe hy die stories van die jong vroue hoor wat soos jong mans oor hulle eie krag gespog het. Hy het nader gegaan en skielik 'n vreemde, wilde, soet reuk geruik. Hy het die versierde lap voor die hut se deur weggetrek en ingekyk. Aan die dak het druppende rooi vleis en 'n stuk pels gehang wat donker kolle op die misvloer gemors het. Die hoofman se wit glimlag het meteens verdwyn. Teen die muur van die hut het Putsana en die ander meisies tevrede gehurk met bloed aan hulle hande en monde.

Woordverklarings:

mpsha:	hond
phiri:	direkte vertalmg: wolf; eintlik 'n soort hiëna/strandjutwolf
phukubje:	jakkals
le/madimo:	mensvreter(s)
majabatho:	mensvreters/kannibale
mokgalabje:	ou man
basemane:	seuns
basetsana:	meisies
kgoro:	raadsitting/vergadering wat net mans mag bywoon
ngaka:	kruiedokter

Alda Niemand

Johanna

Johanna praat hard en grof. "Ag nee, Soois! Vir wat is jy so pap vandag? Vat daai stellasie vas, magtag! Of wil jy nou wragtag sien dat die hele paksel perskes in die grond val? Ek gaan die brousels wat julle naweke so suip nie langer vat nie. Elke Maandag sukkel ek my gat af om julle aan die werk te kry". Soois skud maar net sy kop. Hy ken dié vrou al te lank om met haar te bodder as sy die dag so praat.

As ek Johanna so staan en bekyk, so van ver af sonder dat sy van my weet, sien ek haar weer sonder die harde hande, die sonvoeë om haar oë, die te veel grys in haar lang hare. Dan sien ek haar weer soos dertig jaar terug toe ons hier onder langs die spruit gelê en surings kou het tot die dounat aandlug ons huis toe jaag. Toe was sy nog blink, sonder vermoede van die pyn wat nou skurf op haar lyf kom sit het soos die witroes op die wingerd.

Ek sukkel teen die effense hoogte uit. Ai, Johanna, dink ek. Ons is dan almal kallers van dieselfde jaar: ek, jy, Soois, Sêra. En Apools wat voorlaasjaar dood is aan sy maag. Ek skrik amper by die dink aan Apools, want partykeer voel dit of dit maar net sy lyf is wat onder teen die Rooirant lê. Of iets van Apools nog tussen ons leef: dalk sy stil kyk, of sy sterk hart.

"Môre, Johanna. Soois," bang dat Johanna na my kant toe ook sal spoeg. "Ek was onder by die huis. Sêra het gesê ek sal julle hier kry."

Soois knik net onderlangs na my kant toe voor hy krom-krom onder die doringbome langs draf waenhuis toe.

Johanna stop haar pyp met 'n geel en gebarste duim. "Wat blaas jy so van die hoogtetjie?" spoeg sy toe. Ek voel lus vir omvlieg en weggaan om nooit weer terug te kom nie.

"Dis sommer die jigbeen. Pyn kompleet soos voor die reën." Ek sien Johanna se dor bolip aan die die pyp teug en die rooi aartjies op haar wange, maar kyk vinnig weer weg. Johanna verpes 'n gekarring aan haar.

"Jou geelperskes lyk mooi vanjaar. Daar's baie." Ek is gewoond om die praatwerk aan te voor. Veral deesdae. Johanna het stil geword na haar kind se

dood. Sêra het die ander dag gesê dis of Johanna se hele binnekant saam met daai kind in die gat toegemaak is. Net haar harde dop het oorgebly.

"Ook maar net die Kakamas. Albertas het sleg gedra. Ek sal van die vye onder teen die spruit ook press, anders kom ek wragtag nie deur nie." Sy kyk doer in die rigting van die Brandkop as sy praat. Nooit meer vir my nie.

"Soois, jy moet kyk dat daai laaste klomp geloog kom. Ons kan nie heel week hier sukkel nie. Die goed moet klaar." Johanna skreeu by my verby, maar ek hoor haar boodskap.

"Ek het jou pos gebring. Dis by die huis. Moet Bertus jou kom haal vir die biduur vanaand?" Ek praat klaar.

"Nee, ek is op. Ek gaan vroeg lê."

"Dan sien ons weer," maar ek is nog lank nie uitgepraat nie. Dis net dat Johanna haarself so toepak, soos vroeërdae se mense gemaak het met hulle fyntuin. Dan trap niemand mos naby nie.

Ek is al halfpad teen die rant af toe sy agter my aanskree. "Marta, dankie." En ek weet maar weer, ek sal nooit van Johanna af kan wegbly nie.

Nog met die aanstap af huis toe, drafstap Sêra my tegemoet, soos iemand met 'n dringende boodskap. Haar lyf skommel, maar die twee bene bly lewelank al kompleet twee kierietjies met oopgetrapte voete onderaan. Sy druk 'n grasmandjie eiers in my hand en praat vinnig, asof sy bang is sy kry nie haar sê klaargesê nie.

"Marta, die Jirre moet nou nie op 'n dag dié woorde voor my kop staan en gooi nie, want ek gat nou uit die huis uit praat. Maar Hy sil ok verstaan lat my gemoed al glad lyk soos 'n pastei wat in die oond ytkook. Jy moet nou die morsvleis vat." Sêra praat bewerig, maar nie onseker nie. Haar swart oë kyk my in 'n hoek in. Ek kyk liewer na die sakdoek wat sy om haar wysvinger frommel.

"Johanna hou vir haar so sterk soos die Brandkop self en sy praat met elke sterfling op hierie werf of sy g'n liefde in haar lyf oorhad nie, maar darie vrou ly, Marta. Die Jirre en Sêra weet dit. Ons sien haar maer lyf ruk soos 'n dier wat keelaf gemaak word as sy op daai bokvel voor haar bed kniel. Ek kan dit nie meer aanskou nie. Ek het al soveel male bakhand voor die Skepper gaat staan, maar sy genade kom nie by Johanna yt nie." Sêra hou haar twee pienk handpalms oop na bo soos toe ons kleintyd die spruit se water opgeskep het. "As Johanna nie oor die ding van daai dooie voorkjind van haar gaan kom nie, lê ons haar lank voor haar tyd langes hom weg."

My woorde is op. Nie oor wat Sêra vir my sê nie. Ek sien mos ook al lank hoe die spiertjie in Johanna se wang nooit ophou spring nie. Maar hoe sê ek nou vir Sêra Johanna maak my bang. Sy laat my binne bewe, soos in lang gras loop op 'n warm dag. Want hier staan die sterke Sêra voor my en raad vra en ek sien hoe háár binnekant ook bewe.

* * *

Ek sien Oudominee se mond onophoudelik oop- en toegaan. Sy hinderlike hoë stem dra oor die dungetrapte mat in die voorhuis, verby die portrette in die gang, oor die blinkgevryfde plankvloer en slaan ërens teen 'n kleimuur vas. Maar ek hoor nie 'n enkele woord wat hy sê nie. Vanaand pleit ek vir geheel 'n ander saak. Ek vergeet vir eers van die droogte agter die Brandkop, selfs van die twee Meiring-kinders wie se ma hulle net so gelos het om saam met 'n traveller weg te loop. Vanaand bid ek saam met Sêra.

"Vader, Johanna het nie altyd sulke geel duimkoppe gehad van die pyp nie. U onthou seker ook hoe fyn sy kleintyd om 'n botterblom kon vat. Sy't sulke bolwange gehad, soos volryp appelkose, Here. En haar bene het nie stap geken nie. Johanna was dan lief vir leef, Here. Sy en ek, Sêra, Soois en Apools. Pa het altyd gesê die kinders is nes kiewiete met 'n nes ërens, kry g'n rus nie. Vir wat het Johanna nou so gestaan en holwang raak, en stram vir praat, Here? Sy wat die meeste vóór gehardloop het ..."

Teen die tyd dat ek die stilte hoor, het Oudominee al amen gesê en sit almal uit respek vir my nog biddend.

"Amen," sê ek. Bertus skuif al ongemaklik in die nes wat hy met die jare in sy stoel gesit het.

"Kry vir die mense koffie, Marta." Ek is verlig om onder Bets en Ragel se uiloë uit te kom. Die verbrandste twee oujongnooiens het nog al die jare geloop en verkondig ek en Johanna is die Satan se twee meisiekinders self. Dit oor ons met die bruin kinders maters was! Ek kies Sêra se klipvaskyk duisend maal voor daardie twee meerkatte. Dis juis hulle broer, Niklaas, wat by Johanna gevry het, maar haar weggesmyt het soos 'n bobbejaan sy mieliekoppe, toe Johanna in die ander tyd geraak het. En nog nooit weer sy gesig op Môreson gewys het nie. Net Oudominee sien hom af en toe. Dit ook nog. As die stomme Johanna net wil inkomkans gee in haar hart.

Ek skrik dat die enemel koffiepot se deksel uit my hand val en tot voor Oudominee se spieëlblink skoene rol toe hy agter my praat. "Suster, maar jy is beswaard vanaand. Ek hoop nie daar is groot fout nie."

"Nee, Dominee. Nou nie met my nie. Dis eintlik Johanna wat so op my gewete lê. Dis mos volgende Donderdag drie jaar ... Sy kry swaar, maar klap toe soos 'n waenhuisdeur in 'n rukwind as ons naby haar kom." Ek praat toe sommer voor ek gedagte daaraan gegee het, tussen die koppiesregsit en waterkokery deur.

"Ja, Suster. Niklaas ook. Ek bid al lank, maar die Goeie Gewer se tyd is nie ons s'n nie. Kom, ek vat die skinkbord in."

* * *

"En as die koue Noordwes nou in Februarie waai, Soois?" vra ek toe ek by Môreson se waenhuis verbystap huis toe.

"O bloed, ek het vroemore al gesê ek wil liewer dié dag paas. Almal is skoon skuins op die werf vanmore, tot die wind. Lyk glad na reent," en Soois wys na die blou wolkbank wat op die berg dreig. "As dit nou gooi, het die hanepoot g'n suiker nie. Sêra skel ok al van voor dagbreek af soos 'n broeis kwakereend. Kyk, ek ken vir Sêra. Sy's my eie bloedsuster. As sy haar twee voorosse so in die wind druk as sy stap, weet ek die hel is in die huis."

"En Johanna?"

"Dié had ek nog nie gehad vanmore nie. Nog nie met 'n oog gesien nie." Soois was nog 'n snotneusklong, toe hardloop hy al lank voor die moeilikheid naby is dat sy voete stofwolkies optrap in die voetpad. Ek sien Soois is nie vanoggend ver van hardloop af nie.

Toe ek met die paadjie afstap huis toe, staan die paar roosbome in die voortuin vaal gewaai van die rooistof. Ek hoor Sêra tjiers-tjiers was in die kombuis. Die sifdeur kerm oop en 'n soet warmte hang in die lug. Sêra kyk nie op toe ek instap nie, maar gooi alles net so neer en druk my aan die elmboog by die deur uit. "Waar draai jy heel more?" Ek sien wat Soois bedoel het.

"Johanna is al voor sonop kerkhof toe. Vat die blomme vir haar soontoe," du sy my vorentoe.

Ek deins terug. "Nee, Sêra. Ek sien nie kans nie." Ek sien hoe die bloekoms in die ontydige wind baklei, kyk vir my stowwerige skoene. "Wat sal ek vir haar sê? Ek ken nie haar soort seer nie. En Johanna maak dit ook nie maklik om te praat nie".

Sêra frommel weer die sakdoek en begin praat. "Toe ek vroemore ingestap het werf toe, het die wind Johanna se gekerm na my toe aangewaai." Ons stap teen die wind in. Die werksmense se witgekalkte huise staan eenkant teen die Rooirant. "Ek het met die voetpad teruggeloop, want ek kon nie vir myself

uitmaak wat Johanna in die bruinmense se kerkhof soek nog voor die dag reg gebreek het nie. Toe ek daar naby die hek kom, het ek haar gesien. Maar sy't nie van my geweet nie, anders sou sy nie net so oor my oorle' man se graf gebly lê het nie. Sy't met haar hande om die houtkruis bo Apools se kop gegryp, nes of sy hom wil wurg." Sêra se oë is nog ronder as gewoonlik. "Ek weet nie, Marta, maar my hart wil nie gat lê nie."

By die kerkhof is dit nou stil, behalwe vir die wind wat skuur en kla. Ons skrik albei toe die houthekkie 'n entjie voor ons oopkraak en Johanna soos die doodsengel na ons toe aangestap kom. Die dag lê met diep skaduweestrepe onder haar oë. Haar hare gryp in die wind. Sy kom voor Sêra staan. "Sêr, kom maak vir ons koffie." Ek hoor vir die eerste keer in drie jaar dat Johanna vir Sêra só noem. "Jy en Martha moet saam met my kom sit sodat ek kan afpak aan die las wat ek dra. Die Here weet, ek het alleen probeer, maar dis te swaar." Die wind span Johanna se klere styf oor die maag wat die kind by haar gelos het. Stof rol op teen die Rooirant en dwarrel tot teen Sêra se huis.

Die ketel staan vergete op die stoof en stoom. Johanna had ons stom. In jare had ek haar nie so sag, so versigtig hoor praat nie. Daar is weer iets terug van die Johanna saam met wie ek as kind tou gespring het. Maar daar is ook iets oud en wys, iets wat net swaarkry deel van 'n mens kan maak.

"Die noordwes het daai dag ook so uit sy tyd uit gewaai. Ek was in die wingerd onder langs die spruit om te kyk of ons die natrosse kan oes toe Apools agter my praat." Johanna trek die patroon van die plastiektafeldoek met haar wysvinger na sonder om een keer op te kyk. "Sy oë was wild, sy tande geel. Hy was natgesweet en ek kon ruik hy was by die moskan. Ek het gedag daar's moeilikheid by die huise, maar toe ek daarna vra, het Apools my gevloek. Langs hom op die grond gespoeg." 'n Traan drup op die agterkant van Johanna se hand. "Hy't baie dinge gesê, was al van kleintyd af kwaad oor ek na sononder werf toe is en hy teen die Rooirant moes uit om voor die houtstoof te sit vir warmte. My wegstap moes hom eers vererg het." Johanna vryf haar hemp se kraag al dringender tussen haar vingers en bly lank stil. Toe sy weer praat, is haar stem skor. "Apools se elmboë was wit en skurf soos vratte langs my op die kluite. Sy sweet het op my wang gedrup." Sy huil amper onhoorbaar. "Hy het my net gevat. Soos 'n mens 'n groen tros met rank en al vat oor hy nog nie reg is nie. Die noordwes het my geroep saam met die stof uitgesprei tot dit net soos 'n vaalte oor jou huis gewaai het, Marta. En toe het hy met die Rooirant opgeloop, soos honderde kere vantevore."

Sêra se hande bewe oor haar mond. "Ek het gedog dis oor die kjind," fluister sy deur haar vingers. "Ek het al die tyd jou swaarkry ge-aanskou, maar die Jirre hoor vir my, nooit gewis dis my eie man wat die onkruid in jou lewe gekom saai het nie."

"Gisteroggend wou ek miergif kry in die pakkamer. Hulle pla by die roosbome. Dit was weg. Toe weet ek hoekom Apools so skielik en tog so swaar weg is, Sêra." Johanna kyk op. Die vaalte is weg uit haar oë.

"Van die gif wis ek, maar kon nooit uitmaak waarvoor Apools hom gaat staan en vergewe het nie .... Ek is net bly die kjind het nie gebly leef om die ding aanmekaar oop te krap nie."

"Nou kan Apools rus. Jy moet 'n werfhoender slag en my blou rok uithang, Sêr. Oudominee het gelui gisteraand. Niklaas wil oorkom." Johanna se wange lyk sommer sagter noudat sy weer lag. Sêra se sakdoek lê eenkant op die tafel en die noordwes, dié roer nou skaars die bloekomblare.

Dave Lubbe

... baie boeke ...

Lank terug reeds
die geheime opgekerf
tot confettidun
kaderwersaagsels
'n geleerde oor
wat die geringste ritsel
in hartslag en asemteug
kan hoor
'n kalm hand
wat met skalpellem
die doodsreisies
keer op keer kon wen
oor jare aan
die antwoordspens
gebou
medaljes oor die dood
in formalien behou

toe jy hier lê
moes ek oplaas
verleë
antwoordloos plek maak
vir die laaste treë
en vir jou vraag
word ek êrens heen
gestuur
of eindig alles
hier

Dave Lubbe

Holland

as kweekhuishitte die pole laat smelt
sal jou gragte oorleef teen die getygeweld

gebore uit die baarmoeder van die see
mag jy ewig lewe aan die skone tulpe gee

Pieter Verster

Wending

Goddelike genesing
het die kankerknol
laat krimp

weerspannig vermeerder
beknotte selle weer,
en terg terug na die dood.

Heer, hier by ons
bly lééf die pyn
so onbarmhartig.